

19 Desember

Skrifgedeelte: Nehemia 9:16-19  
Fokusgedeelte: Nehemia 9:17

**Deur God se genade bly ons op die verlossingspad**

**A**l beleef jy dat jy die pad bykans byster raak, ver van jou God en die waarheid van sy Woord gaan omdraai het, wees getroos dat daar baie van die verlose kinders van die Here is wat verdwaal. Van die hardkoppige Israeliete vertel Nehemia 9. Skaars was hulle op die pad van verlossing of hulle plaas hulle hoop op 'n selfgemaakte goue kalf.

Hoe gou vergeet 'n mens darem nie! As God nie so genadig was nie, sou die hele verbondsvolk uitgewis gewees het. Ons versekering om te deel in die verlossing wat God in Christus gee, lê nie in ons eie krag nie. God se trou, waardeur Hy soos in 'n wolkkolom en vuurkolom by ons is, gee ons swakke sondaars die vaste hoop dat ons die ewige bestemming sal bereik.

Waak teen moedswillige ongehoorsaamheid! Plaas jou hoop op Hom alleen! Hy lei en bewaar en bring jou terug. Hy vergewe jou en gee jou nuwe krag om uit die sonde op te staan.

*Sing: Psalm 25:5 (Totius)*

*Dr. Callie Opperman*